Woodoc DECK Dressing



TIPIESE AANWENDING:

'n Laeglans-, getinte, olie-afwerking vir buitenshuise aanwending op harde, digte houtdekke, bv. Balau, Rhodesian Teak, Garapa of Iroko. Ook geskik vir grofgesaagde hout, bv. tuinhuisies, gereedskapskure en heinings. Aanbevole heraanwending: elke 6 maande of wanneer hout droog lyk.

PRODUKEIENSKAPPE:

Woodoc Deck Dressing het 'n oliebasis met UV-absorbeerders en bygevoegde deurskynende ysteroksiede om hout teen fel sonlig te beskerm.

- Uitstekende beskerming teen wind, water, besoedeling en soutsproei.
- Bevat 'n spesiale drogingsolie wat buigsaam bly.
- Superieure beskerming teen ultra-violetbestraling onder uiterste toestande en is waterwerend.
- Lae-opbou eienskap vir 'n egalige en aantreklike laeglansafwerking.
- Beskikbaar in Golden Brown, Deep Brown en Rich Meranti.
- Dring diep binne om hout te voed.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Vergaan aan die einde van lewensiklus.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

NR: WDD/009 **GEDATEER:** 08/26

NAAM: Woodoc DECK Dressing – Behandeling en Onderhoud van Digte Hout **BESKRYWING:** Laeglans-, getinte afwerking met UV-beskerming en waterwerende eienskappe, vir buitenshuise gebruik. (Golden Brown/Rich Meranti/Deep Brown).

DEKKING: ± 10 m^2/liter per laag

(± 3,3 m^2/liter vir 3 lae)

AANWENDING: Verfkwas. Maak kwas met minerale terpentyn skoon.

VERDUNNING: Verdunning word nie aanbeveel nie, maar indien nodig, gebruik slegs minerale terpentyn.

DROGINGSTYD: Die verskillende lae kan tot 48 uur neem om te droog, afhangende van die weer.
Waarskuwing: Aangesien die produk nie 'n harde oppervlaklaag vorm nie, kan klere, skoene en meubelkussings vuilsmeer vir ten minste 48 uur na aanwending.

PRODUKEIENSKAPPE: Laeglans-, getinte buitenshuise olie-afwerking. Formaldehiedvry.

WASINHOUD: Medium.

VERENIGBAARHEID: Minerale Terpentyn. **ONVERENIGBAARHEID:** Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.

VERPAKKING: 1 liter, 2,5 en 5 liter (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar).

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE HOUER VOOR AANWENDING. VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak. BELANGRIK: Hierdie produk word hard indien dit met suurstof in aanraking kom. Maak houer na gebruik goed toe om beter te bewaar.

Vervaardig in Suid-Afrika deur: Rekara Mills (Edms.) Bpk.Hoofweg 242, Walmer, Port Elizabeth (Gqeberha)
PostNet Suite #29, Privaatsak X0002, The Fig Tree, CHARLO, Port Elizabeth (Gqeberha), 6033

Kliëntediens: Tolvry gedurende kantoorure: 0800 411 200 (Slegs Suid-Afrika),
Internasionaal: +27 41 555 0007 (Slegs Kantoorure)
E-pos: information@woodoc.com of besoek www.woodoc.com | WhatsApp: +27 66 302 4702

Woodoc® KOS VIR HOUT™